1.1 die invloed van ekologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke faktore op eie persoonlike keuse van dieet illustreer en evalueer;
1.2 'n omgewingsgesondheidsprogram ontwikkel en implementeer;
1.4 hulpbronne oor gesondheidsinligting, gesondheidsdienste en 'n verskeidenheid moontlikhede vir behandeling, insluitend MIV/VIGS, krities evalueer;
1.5 maniere bespreek om insigte toe te pas wat as gevolg van deelname aan 'n aktiwiteit met betrekking tot nasionale gesondheids- of 'n veiligheidsbevorderingsprogram verwerf is.
LU 2
Sosiale OntwikkelingDie leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
2.1 vraagstukke met betrekking tot burgerregte en persoonlike keuses debatteer;
2.2 verslag doen oor deelname aan of die beplanning van die plaaslike viering van 'n nasionale dag;
2.3 sosiale verhoudings in 'n verskeidenheid situasies krities bespreek;
2.4 sake rakende diversiteit in Suid-Afrika en die aanmoediging van interkulturele begrip krities ondersoek;
2.5 oor verskeie gelowe se bydraes tot die bevordering van vrede nadink en bespreek.

Table 4.5

4.3 Gesondheidsinligtingsbronne, -dienste en behandelingsopsies[3]

4.3.1 LEWENSORIËNTERING

4.3.2 Graad 9

4.3.3 GOEIE GESONDHEID EN SOSIALE ONTWIKKELING

4.3.4 Module 24

4.3.5 gesondheidsinligtingsbronne, gesondheidsdienste en behandelingsopsies

Aktiwiteit 1:

Om gesondheidsinligtingsbronne, gesondheidsdienste en behandelingsopsies krities te evalueer (HIV/VIGS ingesluit) [LU 1.4]

Leerders werk in pare en 'n onderhouds-/vraelysmetode word gevolg. Versameling van inligting in die vorm van leesstof, webtuistes, adresse en kontakpersone vorm 'n baie belangrike deel van die werksopdrag. Aan die einde van die aktiwiteit moet daar 'n lêer saamgestel word deur die opvoeder waarin al die versamelde materiaal gehou kan word en deur leerders gebruik kan word. Plaaslike klinieke of hospitale kan met groot vrug genader word. Die Internet, koerante, tydskrifte en biblioteke bied heelwat inligtingsmoontlikhede. Kyk gerus in die plaaslike telefoongids of daar nie 'n organisasie in jou omgewing is wat met die betrokke saak gemoeid nie.

Die volgende onderwerpe word op 'n stukkie papier geskryf en die leerders trek dan per paar een onderwerp uit 'n papiersakkie:

- HIV/VIGS: behandelingsopsies
- HIV/VIGS: inligtingsbronne oor voorkoming daarvan
- HIV/VIGS: plekke van versorging en berading
- Tuberkulose (TB): voorkoming en inligtingsbronne
- Tuberkulose: behandeling
- Kanker: behandelingsmoontlikhede
- Kanker: voorkomende leefstyl
- Diabetes: voorkomende leefstyl
- Diabetes: inligtingsbronne en behandelingsmoontlikhede
- Noodhulp en behandeling van brandwonde
- Inligtingsbronne en behandeling met die inname van gifstowwe
- Hulplyne en organisasies teen gesinsgeweld
- Organisasies vir ondersteuning vir middelafhanklikes en hulle gesinne
- Behandeling van, en rehabilitasiemoontlikhede vir, dwelmafhanklikes
- Inligtingsbronne vir die voorkoming van tienerswangerskappe

Die onderstaande vraelys moet deur elke groep voltooi word en dien as vertrekpunt van die ondersoek.

Name van ondersoekspan:

.....

.....

Onderwerp van ondersoek:

.....

.....

Bronne geraadpleeg:

(Merk af en verskaf adres of kontaknommer en -persoon waar toepaslik.)

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29194/1.1/>.

BRONNE	ADRES/KONTAKNOMMER	√
Kliniek:		
Hospitaal:		
Biblioteek:		
Webtuistes:		
Organisasies:		
Tydskrifte:		
Koerante:		
Ander:		

Table 4.6

Wie word deur die toestand of siekte geraak?
Is daar inligting plaaslik beskikbaar oor die saak?
Is die inligting gebruikersvriendelik?
Word daar gemaklik oor die onderwerp in jou leefwêreld gepraat?
Het jy al met jou ouers oor die onderwerp gepraat?
Voel jy dat jou maats meer behoort te weet oor die onderwerp?
Sou jy graag self nog meer oor die onderwerp wil weet?
Ken jy iemand in die gemeenskap wat self geraak is deur hierdie toestand?
Selfassessering:
Dink goed oor die vrae na en gee dan telkens vir jouself 'n punt uit vier. Wees eerlik. Tel jou punte op om 'n totaal uit 20 te kry.

Ek het baie feite ingewin.		
Ek het heelwat bronne geraadpleeg.		
Ek het nuwe insig in die toestand gekry.		
Ek en my spanmaat het goed saamgewerk.		
Ek het 'professioneel' opgetree teenoor mense aan wie ek vrae gestel het.		
Totaal uit	20	

Table 4.7

Aktiwiteit 2:
Hierdie werkopdrag ontwikkel vanuit die navorsingsprogram wat in aktiwiteit 1.3 gedoen word [LU 1.5]
Stap 1
Elke leerderpaar kry twee minute waarin hulle aan klasmaats meer vertel oor hul navorsingsprojek. Die voorlegging moet daarop gerig wees om die ander leerders te oortuig dat hulle 'n bydrae sou kon lewer deur meer kennis oor die toestand in die skool en omgewing oor te dra, of op een of ander manier betrokke te raak by bestaande organisasies.
Stap 2
As deel van hulle 'propagandaveldtog' stal leerders hulle navorsingsprojekte uit en klasmaats kry die geleentheid om na mekaar se werk te kyk en vrae te vra aan projekleiers.
Stap 3

Leerders kry nou die geleentheid om te stem vir die projek wat hulle voel die dringendste aandag nodig het en waaraan hulle ‘n verskil sal wil maak. Elke leerder skryf die projek wat hy die sterkste ondersteun, op ‘n stukkie papier en handig dit by die onderwyser in.

Stemme word getel en die wenonderwerp word aangekondig. Indien twee onderwerpe eweveel stemme verwerf, kan daar weer vir die betrokke onderwerpe gestem word, of die klas kan besluit om meer as een projek te ondersoek.

Stap 4

Na konsensus bereik is oor ‘n onderwerp wat ondersoek moet word, kan moontlike werkswyses in ‘n dinkskrum bespreek word om te besluit op watter manier leerders ‘n bydrae kan lewer. Die groepleiers van die betrokke onderwerp kan saam met die onderwyser die leiding neem.

Wenke:

Nooi gerus ‘n gasspreker wat ‘n kundige is oor die onderwerp(e) waarin julle belangstel.

Kondig ‘n algemene bewustheidsdag t.o.v. van die projek aan in julle skool of neem bv. deel aan wêreld HIV/VIGS-dag deur ‘n rooi strikkie te dra.

Nooi die plaaslike koerant uit na so ‘n geleentheid.

Die volgende kontaknommers of webadresse mag dalk nuttig wees:

www.health24.co.za[4]

DISA: (011)-787-1222 Raad oor seksvoorligting en dwelmmisbruik

SADA (South Africa Diabetes Association) (011) 792-9888 Johannesburg, (021) 425 4440 Kaapstad, e-pos national@diabetessa.co.za[5]

www.childrenwithdiabetes.com[6]

www.sahealthinfo.org[7]

4.3.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
GESONDHEIDS-BEVORDERING Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
1.1 die invloed van ekologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke faktore op eie persoonlike keuse van dieet illustreer en evalueer;
1.2 ‘n omgewingsgesondheidsprogram ontwikkel en implementeer;
1.4 hulpbronne oor gesondheidsinligting, gesondheidsdienste en ‘n verskeidenheid moontlikhede vir behandeling, insluitend MIV/VIGS, krities evalueer;
continued on next page

[4] http://www.health24.co.za/
[5] national@diabetessa.co.za
[6] http://www.childrenwithdiabetes.com/
[7] http://www.sahealthinfo.org/

1.5 maniere bespreek om insigte toe te pas wat as gevolg van deelname aan ‘n aktiwiteit met betrekking tot nasionale gesondheids- of ‘n veiligheidsbevorderingsprogram verwerf is.
LU 2
Sosiale OntwikkelingDie leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
2.1 vraagstukke met betrekking tot burgerregte en persoonlike keuses debatteer;
2.2 verslag doen oor deelname aan of die beplanning van die plaaslike viering van ‘n nasionale dag;
2.3 sosiale verhoudings in ‘n verskeidenheid situasies krities bespreek;
2.4 sake rakende diversiteit in Suid-Afrika en die aanmoediging van interkulturele begrip krities ondersoek;
2.5 oor verskeie gelowe se bydraes tot die bevordering van vrede nadink en bespreek.

Table 4.8

4.4 Sake rakende gemeenskapsregte en persoonlike voorkeure[8]

4.4.1 LEWENSORIËNTERING

4.4.2 Graad 9

4.4.3 GOEIE GESONDHEID EN SOSIALE ONTWIKKELING

4.4.4 Module 25

4.4.5 SAKE RAKENDE GEMEENSKAPSREGTE EN PERSOONLIKE VOORKEURE

Aktiwiteit 1:

Leerders debatteer oor sake rakende gemeenskapsregte en persoonlike voorkeure [LU 2.1]

Leerders word in groepe van 5 – 7 verdeel en hou ‘n georganiseerde “optog” om oor ‘n sekere saak te betoog.

Onthou:

- Dit is belangrik dat die regte prosedure gevolg word.
- Konsensus moet bereik word oor die saak waaroor betoog word.
- Toestemming van die skoolhoof moet verkry word vir so ‘n optog.
- Hou die optog op die skoolgrond – verkieslik met die medewete van die ouers om misverstande te voorkom.

‘n Betoging word eers gehou wanneer alle moontlike pogings tot onderhandeling misluk het.

Stap 1

Elke groep kies ‘n onderwerp waaroor hulle wil betoog. Probeer hou by positiewe onderwerpe wat die groter gemeenskap betrek, bv. daarstelling van meer geld vir staatshospitale of die beskikbaarstel van antiretrovirale middels vir verkragtingslagoffers.

[8] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29206/1.1/>.

Stap 2

Bespreek die onderwerp met mekaar en probeer die belangrikste kwessies rondom die saak uitlig.

Elke groeplid maak nou ‘n plakkaat waarop hy/sy ‘n slagspreuk (slogan) skryf.

Kies ‘n gemeenskaplike en gepaste bykomstigheid bv. ‘n blou T-hemp of sonbril wat alle betogers moet dra.

Skep ‘n slagspreuk of kreet wat julle almal saam kan skree of sing.

Besluit oor hoe julle gaan loop in die optog: bv. marsjeer, toi-toi of loop en hande vashou.

Beplan ‘n roete vir die optog.

Stel ‘n petisie op wat julle netjies op ‘n brief uitskryf of tik en almal onderteken en oorhandig dit aan die einde van die optog aan ‘n belangrike persoon, bv. die skoolhoof.

4.4.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
GESONDHEIDS-BEVORDERING Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
1.1 die invloed van ekologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke faktore op eie persoonlike keuse van dieet illustreer en evalueer;
1.2 ‘n omgewingsgesondheidsprogram ontwikkel en implementeer;
1.4 hulpbronne oor gesondheidsinligting, gesondheidsdienste en ‘n verskeidenheid moontlikhede vir behandeling, insluitend MIV/VIGS, krities evalueer;
1.5 maniere bespreek om insigte toe te pas wat as gevolg van deelname aan ‘n aktiwiteit met betrekking tot nasionale gesondheids- of ‘n veiligheidsbevorderingsprogram verwerf is.
LU 2
Sosiale OntwikkelingDie leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
continued on next page

2.1 vraagstukke met betrekking tot burgerregte en persoonlike keuses debatteer;
2.2 verslag doen oor deelname aan of die beplanning van die plaaslike viering van ‘n nasionale dag;
2.3 sosiale verhoudings in ‘n verskeidenheid situasies krities bespreek;
2.4 sake rakende diversiteit in Suid-Afrika en die aanmoediging van interkulturele begrip krities ondersoek;
2.5 oor verskeie gelowe se bydraes tot die bevordering van vrede nadink en bespreek.

Table 4.9

4.5 Plaaslike viering van ’n nasionale dag[9]

4.5.1 LEWENSORIËNTERING

4.5.2 Graad 9

4.5.3 GOEIE GESONDHEID EN SOSIALE ONTWIKKELING

4.5.4 Module 26

4.5.5 PLAALIKE VIERING VAN ‘N NASIONALE DAG

Aktiwiteit 1:

Om verslag te lewer oor deelname aan, of beplanning van die plaaslike viering van ‘n nasionale dag [LU 2.2]

Leerders kies een dag uit die onderstaande lys van nasionale vakansiedae wat ons in Suid-Afrika vier:

Menseregtedag	21 Maart
Vryheidsdag	27 April
Werkersdag	1 Mei
Jeugdag	16 Junie
Nasionale Vrouedag	9 Augustus
Erfenisdag	24 September
Dag van Versoening	16 Desember

Table 4.10

Leerders kan een van twee werkopdragte uitvoer:

Opdrag 1

Jy is ‘n joernalis by die streekskoerant, bv. die *Beeld* of *Argus*. Jy lewer verslag oor die betekenis en ontstaan van ‘n nasionale dag asook die viering van so ‘n geleentheid. Dit sal jou koerantberig ophelder as jy ook ‘n foto of twee kan insluit.

Stap 2

Jy dien op die dorpsraad of stadsraad van jou dorp en jy moet ‘n program van verpligtinge en aktiwiteite vir die viering van die nasionale dag saamstel. Die program sal in die plaaslike koerant gedruk word en ook op strooibiljette aan die inwoners van die dorp of stad uitgedeel word. Feite moet dus duidelik en aantreklik aangebied word sodat mense graag die dag sal wil bywoon.

[9] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29202/1.1/>.

Onthou dat jy die verskillende groepe in ag neem wat jy moet betrek bv. kinders, tieners en volwassenes. Jou program moet tyd, plek en verrigtinge / sprekers / aktiwiteite aandui.

Die onderstaande koerantberig (*Die Burger*, 3 April 2004) kan dalk die gedagte aan die gang sit:

Vryheidsdag: Jaar se projek

SUID-AFRIKA VIER FEES IN LONDEN-HART

Trafalgarplein gaan erg bedrywig wees op 27 April

Jeanne-Marie Versluis

Londen – Trafalgarplein in die hartjie van Londen gaan op 27 April as't ware aan Suid-Afrika behoort.

'n Groot makietie word gehou om Suid-Afrika se Vryheidsdag en die tiende verjaarsdag van die land se demokrasie te vier. Verskeie byeenkomste en projekte om die Suid-Afrikaanse demokrasie te vier, word ook in die res van die jaar in Brittanje gehou. Me. Lindiwe Mabuza, Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, het gister op 'n mediakonferensie gesê, mnr. Ken Livingstone, burgermeester van Londen, het toestemming gegee dat die Suid-Afrikaanse ambassade Trafalgarplein vir die feesvierings gebruik "nog voordat ons hom kon vra".

Verhoogkunstenaars van Suid-Afrika en Brittanje sal optree. 'n Boek van huldeblyke by die ambassade gaan deur leiers van die Britse regering, metropolitaanse raad, politieke partyleiers, geloofsgroepe, gemeenskaps- en sakeleiers geteken word.

Mnr. Peter Baird, 'n organiseerder van die partytjie, het gesê op 'n "normale" dag loop gemiddeld 3 000 mense per uur oor die plein.

'n Vryheidskonsert word die volgende dag in die Royal Albert Hall in die stad gehou waar Suid-Afrikaanse en Britse kunstenaars optree. Die Suid-Afrikaanse kunstenaars sluit in Tshepo Tshola, Debra Frazier, Joyous Celebration, Bonganie Tembi en Linda Bukhosini.

Dienste sal van 23 April tot 25 April in Brittanje gehou word om dankie te sê vir die heropbouing en die ontwikkeling wat in Suid-Afrika plaasvind. Die dienste vind in Cardiff, Edinburgh, Manchester en Londen plaas.

Aartsbiskop Desmond Tutu sal die hoofdiens op 25 April in die St Pauls-katedraal in Londen lei.

Suid-Afrika sal ook 'n hoë profiel hê op die Statebond se rolprentfees in Junie. Die fees word georganiseer in samewerking met die Nasionale Rolprent- en Videostigting van Suid-Afrika. Verskeie Suid-Afrikaanse rolprente word hier vertoon.

'n Gospel- en jazzprogram om Suid-Afrika se tien jaar-oue demokrasie te vier, word op 26 Mei in die Royal Albert Hall gehou. Suid-Afrika sal 'n bydra lewer tot rolprente, verhoogstukke en seminare oor die vrede en versoening op die Stad van Londen-fees.

Mabuza het gesê die KwaZulu Natalse filharmoniese orkes en Londense simfonieorkeste het kragte saamgesnoer vir die nuwe musiek wat geskryf is vir die demokrasie se tiende verjaarsdag. Die orkeste sal in Julie optree sowel as twee Suid-Afrikaanse kore, Durban Serenade en Imilonji KaNtu.

4.5.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
GESONDHEIDS-BEVORDERING Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.
continued on next page

Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
1.1 die invloed van ekologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke faktore op eie persoonlike keuse van dieet illustreer en evalueer;
1.2 ‘n omgewingsgesondheidsprogram ontwikkel en implementeer;
1.4 hulpbronne oor gesondheidsinligting, gesondheidsdienste en ‘n verskeidenheid moontlikhede vir behandeling, insluitend MIV/VIGS, krities evalueer;
1.5 maniere bespreek om insigte toe te pas wat as gevolg van deelname aan ‘n aktiwiteit met betrekking tot nasionale gesondheids- of ‘n veiligheidsbevorderingsprogram verwerf is.
LU 2
Sosiale OntwikkelingDie leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
2.1 vraagstukke met betrekking tot burgerregte en persoonlike keuses debatteer;
2.2 verslag doen oor deelname aan of die beplanning van die plaaslike viering van ‘n nasionale dag;
2.3 sosiale verhoudings in ‘n verskeidenheid situasies krities bespreek;
2.4 sake rakende diversiteit in Suid-Afrika en die aanmoediging van interkulturele begrip krities ondersoek;
2.5 oor verskeie gelowe se bydraes tot die bevordering van vrede nadink en bespreek.

Table 4.11

4.6 Sosiale verhoudings binne verskillende situasies[10]

4.6.1 LEWENSORIËNTERING

4.6.2 Graad 9

4.6.3 GOEIE GESONDHEID EN SOSIALE ONTWIKKELING

4.6.4 Module 27

4.6.5 sosiale verhoudings binne verskillende situasies

Aktiwiteit 1:
Kritiese beskouing en bespreking van sosiale verhoudings binne verskillende situasies [LU 2.3]
Groepwerk: Rollespel

- Opvoeders kies vooraf strokiesprente van hulle keuse waarin veral sosiale verhoudings ondersoek word.

Strokiesprente wat geskik is, is onder meer:
Ben, Babsie en familie (*Tydskrif Rapport)*

[10] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29205/1.1/>.

Uncut-teen (*LoveLife's Scamto), (Rapport)*
Seppie die soldaat (*Die Burger)*
Rooi Oog (*Die Burger)*
Hagar die Verskriklike (*Die Burger)*

- Verdeel die klas in groepe. Die onderwyser ken 'n nommer aan elkeen van die strokiesprente toe. Leerders kies 'n nommer sonder dat hulle weet aan watter prente die nommer toegeken is.
- Die strokiesprent dien bloot as vertrekpunt vir die samestelling van 'n twee minuutlange toneelstukkie waarin die gegewe sosiale situasie uitgebou word. Leerders kan gerus die situasie ietwat wysig of uitbou om die spesifieke sosiale gedrag uit te beeld.
- Na afloop van die opvoering is daar tyd vir bespreking van die sosiale rolle en verhoudings van die verskillende karakters. Positiewe en negatiewe gedrag moet uitgewys en bespreek word. Opbouende raad en kommentaar moet aangemoedig word.

4.6.6 Assessering

Dit word bewys as die leerder:
1.1 die invloed van ekologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke faktore op eie persoonlike keuse van dieet illustreer en evalueer;
1.2 'n omgewingsgesondheidsprogram ontwikkel en implementeer;
1.4 hulpbronne oor gesondheidsinligting, gesondheidsdienste en 'n verskeidenheid moontlikhede vir behandeling, insluitend MIV/VIGS, krities evalueer;
1.5 maniere bespreek om insigte toe te pas wat as gevolg van deelname aan 'n aktiwiteit met betrekking tot nasionale gesondheids- of 'n veiligheidsbevorderingsprogram verwerf is.
LU 2
Sosiale OntwikkelingDie leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
2.1 vraagstukke met betrekking tot burgerregte en persoonlike keuses debatteer;
2.2 verslag doen oor deelname aan of die beplanning van die plaaslike viering van 'n nasionale dag;
2.3 sosiale verhoudings in 'n verskeidenheid situasies krities bespreek;
2.4 sake rakende diversiteit in Suid-Afrika en die aanmoediging van interkulturele begrip krities ondersoek;
2.5 oor verskeie gelowe se bydraes tot die bevordering van vrede nadink en bespreek.

Table 4.12

4.7 Diversiteit in SA en die aanmoediging van interkulturele begrip[11]

4.7.1 LEWENSORIËNTERING

4.7.2 Graad 9

4.7.3 GOEIE GESONDHEID EN SOSIALE ONTWIKKELING

4.7.4 Module 28

4.7.5 sake rakende diversiteit in Suid-Afrika en die aanmoediging van interkulturele begrip

Aktiwiteit 1:

Kritiese ondersoek na sake rakende diversiteit in Suid-Afrika en die aanmoediging van interkulturele begrip [LU 2.4]

Die Kultuurkaartspel:

- Leerders werk op hul eie en maak 'n stel speelkaarte wat hulle eie kultuur uitbeeld. Die kaarte moet verkieslik op sterk papier of manillakarton gemaak word. Afmetings van elke kaart is 6 cm by 9 cm. Kaarte kan d.m.v. tekeninge of collage-prente en letters geïllustreer word. Soos 'n gewone stel brugkaarte is die kaarte as volg: 2,3,4,5,6,7,8,9,10, hofknaap (Jack), Koningin, Koning, Ase en Hofnar (Joker).
- **Wenk:** Bedek gerus kaarte met kleefplastiek (Contact) om dit beter te laat vertoon en langer te laat hou. Maak gerus ook 'n houertjie vir die stel kaarte. Om die kaarte nog meer na die ware Jakob te laat lyk, kan die agterkante met bv. geskenkpapier geplak word. 'n Kreatiewe leerder kan ook 'n eie ontwerp maak vir die agterkant en dit dan fotostateer. Dit is belangrik om te onthou dat al die kaarte dieselfde moet lyk van agter.

Die kaarte moet die volgende kultuuraspekte van die leerders uitbeeld:

2 Jou geliefkoosde tydverdryf
3 Jou beste fliek/s en boeke of tydskrifte
4 Jou beste musiekgroep / solis
5 Wie, of van waar is jou voorgeslagte?
6 Jou kultuurgroep se voorkeursporttipe/s of sportsoort
7 Tradisionele kossoorte van jou kultuurgroep
8 Geliefkoosde publieke figuur
9 Jou rolmodel
10 Beeld jou kultuurgroep se tradisionele kleredrag uit
Hofknaap (Jack): Jou kultuur se huwelikseremonie-gebruike
Koningin: Jou huistaal / tale
Koning: Godsdiens / geloofsvoorkeur
Ase: Wie is jy?
Hofnar: Eienaardighede van jouself en / of jou kultuurgroep
Hoe die spel werk:

- Leerders werk in pare. Skommel die pak kaarte goed. Speel "snap" met jou spanmaat, d.w.s. elkeen sit sy kaart om die beurt voor hom neer. Wanneer twee van dieselfde soort kaarte gelyk verskyn, is dit 'n "Snap"-situasie. Die speler wat eerste "snap" skree, moet in 'n paar sinne sy "kultuurkaart" verduidelik. Die persoon wat sy kaart verduidelik het, sit dan hierdie kaart eenkant. Die wenner is die een met die meeste "snap"-kaarte. Skryf neer hoeveel wenkaarte jy met die spel verkry het.

[11] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29211/1.1/>.

- Kies weer nuwe pare en speel weer die spel. Aan die einde van die periode word die puntetotale opgetel en die speler met die grootste totaal is die klaswenner.
- Wenk: Om die maksimum leerervaring op te doen, moet leerders ‘n spanmaat kies wat kultureel van hom / haar verskil.

4.7.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
GESONDHEIDS-BEVORDERING Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
1.1 die invloed van ekologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke faktore op eie persoonlike keuse van dieet illustreer en evalueer;
1.2 ‘n omgewingsgesondheidsprogram ontwikkel en implementeer;
1.4 hulpbronne oor gesondheidsinligting, gesondheidsdienste en ‘n verskeidenheid moontlikhede vir behandeling, insluitend MIV/VIGS, krities evalueer;
1.5 maniere bespreek om insigte toe te pas wat as gevolg van deelname aan ‘n aktiwiteit met betrekking tot nasionale gesondheids- of ‘n veiligheidsbevorderingsprogram verwerf is.
LU 2
Sosiale OntwikkelingDie leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit word bewys as die leerder:
2.1 vraagstukke met betrekking tot burgerregte en persoonlike keuses debatteer;
2.2 verslag doen oor deelname aan of die beplanning van die plaaslike viering van ‘n nasionale dag;
2.3 sosiale verhoudings in ‘n verskeidenheid situasies krities bespreek;
continued on next page

2.4 sake rakende diversiteit in Suid-Afrika en die aanmoediging van interkulturele begrip krities ondersoek;
2.5 oor verskeie gelowe se bydraes tot die bevordering van vrede nadink en bespreek.

Table 4.13

4.8 Bydraes van verskillende geloofs- en godsdiensgroepe tot vrede[12]

[12] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29213/1.1/>.

Attributions

Collection: *Lewensorientering Graad 9*
Edited by: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/col11064/1.1/
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die menslike brein"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29115/1.1/
Pages: 1-3
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die inwin van inligting"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29118/1.1/
Pages: 4-5
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Om te dink"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29120/1.1/
Pages: 5-6
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Kreatiewe denke"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29133/1.1/
Pages: 6-8
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Meer oor die brein"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29131/1.1/
Pages: 9-11
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Probleemoplossing"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29132/1.1/
Pages: 11-12
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "leerstyle"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29143/1.1/
Pages: 13-16
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Persoonlikheidseienskappe"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29137/1.1/
Pages: 16-19
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Belangstelling"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29134/1.1/
Pages: 19-22
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Aanleg"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29154/1.1/
Pages: 22-24
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Waardes"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29159/1.1/
Pages: 24-26
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Geleenthede in die werkplek"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29160/1.1/
Pages: 26-27
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Regte en verantwoordelikhede in die werkplek"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29163/1.1/
Pages: 27-29
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "'n Eie plan vir lewenslange leer"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29165/1.1/
Pages: 29-30
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Opleidingsinstansies"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29169/1.1/
Pages: 30-33
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Onderskeid tussen fiksheidspeil en bewegingsvermoe"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29180/1.1/
Pages: 35-36
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Om jouself in terme van jou fiksheidspeil te assesseer"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29178/1.1/
Pages: 36-39
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Assessering van bewegingsvermoe"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29179/1.1/
Pages: 39-43
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Ontwerp 'n hindernisbaan"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29183/1.1/
Pages: 43-45
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Verbetering van liggaamlike bewegingsvermoe"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29186/1.1/
Page: 45
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Keuse van 'n persoonlike dieet"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29198/1.1/
Pages: 47-51
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Beplan 'n omgewingsgesondheidsprogram"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29197/1.1/
Pages: 51-52
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Gesondheidsinligtingsbronne, -dienste en behandelingsopsies"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29194/1.1/
Pages: 53-56
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Sake rakende gemeenskapsregte en persoonlike voorkeure"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29206/1.1/
Pages: 56-58
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Plaaslike viering van 'n nasionale dag"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29202/1.1/
Pages: 58-60
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Sosiale verhoudings binne verskillende situasies"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29205/1.1/
Pages: 60-62
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Diversiteit in SA en die aanmoediging van interkulturele begrip"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29211/1.1/
Pages: 62-64
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Bydraes van verskillende geloofs- en godsdiensgroepe tot vrede"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29213/1.1/
Page: 64
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

About Connexions

Since 1999, Connexions has been pioneering a global system where anyone can create course materials and make them fully accessible and easily reusable free of charge. We are a Web-based authoring, teaching and learning environment open to anyone interested in education, including students, teachers, professors and lifelong learners. We connect ideas and facilitate educational communities.

Connexions's modular, interactive courses are in use worldwide by universities, community colleges, K-12 schools, distance learners, and lifelong learners. Connexions materials are in many languages, including English, Spanish, Chinese, Japanese, Italian, Vietnamese, French, Portuguese, and Thai. Connexions is part of an exciting new information distribution system that allows for **Print on Demand Books**. Connexions has partnered with innovative on-demand publisher QOOP to accelerate the delivery of printed course materials and textbooks into classrooms worldwide at lower prices than traditional academic publishers.